

Skriflesing: Mark 5:1-20

Tema: Mense maak dit vir Jesus moeiliker as wat die duiwel en sy trawante dit doen.

Ons gaan vanuit hierdie Skrifgedeelte stilstaan by Jesus se almag, sy lyding onder mense en, ten spyte daarvan, sy “vreemde” liefde vir “vreemde” mense.

1. Jesus se gesag oor beseeste

Toe Jesus voet aan wal sit, kom die besetene Hom tegemoet. Die besetene, of eerder die beseeste in die man, herken Jesus dadelik as die Seun van God, die Allerhoogste.

Tot dusver in die Markusewangelie was dit nog slegs die onrein geeste in mense wat besef het wie Jesus is. Die besetene van Kapernaum in Markus 1 erken Hom as “Jesus van Nasaret.”

Die feit dat mense Hom nie erken of herken nie, dra by tot sy lyding.

Hier vind 'n botsing tussen die almag van die Seun van God en die mag van die Satan plaas. Die onrein geeste besef dadelik dat hulle geen kans het nie. Ons sien hoe groot Jesus se mag werklik is!

Hierdie onrein geeste het vroeër hulle "mag" op allerhande skrikwekkende maniere gewys (Mark 5:3-5). Tog, die oomblik toe hulle in Jesus se teenwoordigheid kom, besef hulle dat alles verby is en smeeke hulle dadelik dat Jesus hulle nie moet seermaak nie.

Jesus tree baie gesagvol op. Op sy vraag gee die onrein geeste dadelik hulle naam: “Legio.” Legio verwys na 'n Romeinse legioen wat uit tot sesduisend soldate kon bestaan. Al hierdie beseeste het geweet dat hulle voor Jesus magteloos was. Jesus stuur hulle in 'n trop van 2000 varke in. Dit beklemtoon nie net hoe baie rein geeste daar in die man was nie, maar ook hoe sterk Jesus is: Hy kan met 'n enkele bevel soveel onrein geeste uitdryf!

Terwyl ons moeilike en onseker tye beleef, glo jy nog in hierdie almagtige Here?

Terwyl ons oor die Here se gesag oor onrein geeste gesels is daar twee verse waarby ek vinnig wil stilstaan:

Jakobus 2:19: ¹⁹“Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die beseeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.” Ons geloof moet verder gaan as die bang kopkennis van die beseeste! Dit beteken niks dat ons net weet nie. Ons moet ons lewens aan die Here oorgee en nuut leef.

Die tweede vers is in Jakobus 4:7: ⁷“Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.” Ons krag oor die beseeste, is gesetel in die Here. Hy is sterker as duisende onbeheerbare beseeste wat mense aanval.

Die duiwel en sy beseeste is vandag nog daarop uit om mense se verhouding met die Here te vernietig. Dit is vandag nog 'n realiteit dat die duiwel soos 'n brullende leeu rondloop om ons te verslind. Die duiwel is gevaarlik, vernietigend en magtiger as ons, maar ons Here is die Almagtige.

Christus het, deur sy kruisdood en opstanding, die oorwinning oor die bose behaal. As sy kinders deel ons in sy oorwinning. Vanuit sy oorwinning kan ons as oorwinnaars gaan leef.

Gelowiges moenie bang wees vir allerhande sogenaamde “bindinge” wat oor ons lewens kan wees nie. Jesus bevry ons. Hy dryf duiwels, sonder groot vertoon of sonder baie woorde uit. Is hierdie Here nog jou God?

Ons lees in die gedeelte van Jesus se oorwinning oor die bose, maar ook iets van sy lyding onder mense.

2. Iets van Jesus se lyding onder mense

Die varke se wagters het weggehardloop van Jesus af en gaan vertel wat gebeur het.

Die Geraseners het kom kyk, groot geskrik toe hulle sien en Jesus gevra om weg te gaan. Waarskynlik was hulle bang vir Sy “te groot mag”. Of dalk het hulle net gevrees dat Hy hulle nog skade kan aandoen. Hulle het immers reeds tweeduisend varke verloor.

Ons kom nou weer terug na die man wat van die duiwel besete was.

Die inwoners van Dekapolis, wat Grieks is vir 10 stede, was verbaas oor wat gebeur het. Niemand stel verder belang in Jesus of aanvaar Hom as Verlosser nie.

Hoe reageer jy op Hom?

Al hierdie vreemde reaksies, laat Jesus se liefde nie opdroog nie.

Ons sien iets van Jesus se “vreemde liefde” vir “vreemde mense”

Almal was bang vir die besetene. As hy naby gekom het, het hulle gevlug. Jesus voer met hom gesprek. Hy maak hom vry. Hy doen hierdie dinge in ‘n omgewing waar met varke geboer is. Met ander woorde, Hy is nie tussen Jode nie. Vir die eerste keer neem Hy sy Goeie Nuus na die heidene. Jesus is lief vir alle mense. Sy goeie nuus is vir alle volke.

Op Petrus, ‘n vloekende visserman wat Hom verloën, bou Jesus sy kerk. Hy verander Saulus na Paulus.

Ons sien ‘n alkoholis, Jesus sien ‘n kerkraadslid. Ons sien ‘n dwelmverslaafde, Jesus sien ‘n prediker. Ons sien ‘n slegte vrou, Jesus sien ‘n kategeet.

Jesus het vandag steeds alle mense lief. Hy verander vandag steeds mense se lewens radikaal. Maar Hy verander ons nie net nie, Hy maak ons ook getuies.

‘n Eens bloeiende kaal, skreeuende, mal man word sy eerste getuie onder die heidene.

Jesus se “vreemde” getuies

Jesus genees die man nie net van duiwelbesetenheid nie. Hy raak hom aan met sy lewensveranderende krag en stuur hom terug om alles wat Jesus gedoen het, te gaan vertel.

Hy gaan as een van die eerste getuies onder die heidene. In die hele Dekapolis (10 stede) vertel hy wat Jesus vir hom gedoen het. Kan jy dink hoe kragtig sy getuie was teenoor mense wat eens vir hom weggehardloop en weggekruip het! Hy hoef amper nie eens 'n woord te sê nie. Hulle sien 'n totaal nuwe man. Hulle sien nog die merke waar hy homself beseer het, maar sy oë is anders. Hy skreeu nie meer nie, hy preek. Hy hardloop nie rond soos mal man nie, hy is kalm, want hy is gevul met vrede.

Nuutgemaak vertel hy vir hulle hoe Jesus sy lewe verander het.

Afsluiting

Vandag se tema is: "Mense maak dit vir Jesus moeiliker as wat die duiwel en sy trawante dit doen."

Komons dra nie langer by tot sy lyding nie. Komons gee ons lewens opnuut aan Hom oor sodat Hy ons kan nuutmaak. Hy stuur ons uit met sy liefde en die Goeie Nuus van Jesus, Seun van God, die Allerhoogste. Kom ons gaan vertel vir alle mense wat Hy vir ons gedoen het.

Amen